SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 19-Jul-2006
Topic: 08
Ref No: 10797
1
ID: 03363875-01
Source Page: 27

# Verslag bevestig dat kos se prys aansienlik gestyg het

Nellie Brand

Kaapstad. – Voedselpryse is weer besig om vinnig te klim nadat dit die afgelope twee jaar stilgestaan of gedaal het, toon die jongste verslag van die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLMR), wat jaarliks die pryse van 'n mandjie voedselprodukte monitor.

Pryse van die basiese voedselprodukte wat gemonitor word, was in April gemiddeld amper 6% hoër as 'n jaar gelede, word in die verslag gesê wat deur prof. Johann Kirsten saamgestel is. Kirsten was 'n paar jaar gelede die voorsitter van die komitee wat voedselpryse gemonitor en ondersoek het toe voedselpryse tussen 2002 en 2003 skerp gestyg het. Die monitering is later deur die NLMR oorgeneem.

Vergeleke met dié styging het die gemiddelde prys van die mandjie goedere wat ondersoek word in die vorige jaar tot April 2005 amper nie beweeg nie. In die jaar voor dít het die gemiddelde prys van die mandjie produkte met 3% gedaal.

'n Hele paar produkte van die 75 wat dopgehou word, het die afgelope jaar tot April met meer as 6% gestyg. Vleispryse het die grootste styging getoon. Beesvleisbredie en gemaal per kilogram is tussen 20,8% en 26,4% hoër. Dié produkte se prys het sedert 'n jaar gelede tot in April met onderskeidelik R5,27 en R6,60 per kilogram gestyg.

Die styging in vleispryse hou onder meer verband met minder jong beeste wat van Namibië ingevoer word. Dit het die prys van speenkalwers met 38% en karkaspryse met 31% opgejaag.

Mieliemeelpryse het in die jaar met 11% gestyg. Die verhoging in pryse hou verband met die verhoging in mieliepryse wat die afgelope jaar gesien is. Vergeleke daarmee was mieliemeel verlede jaar April byna 11% goedkoper as die jaar vantevore.

Die inligting stem ooreen met dit wat reeds deur Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) uitgerik is en wat gedui het op die verbruikersprysindeks vir voedsel wat in April met 6,2% gestyg het. Dít dui op 'n versnelling in voedselprysstygings nadat die styging op 'n jaargrondslag vir Januarie 4,4% was.

Van die ander produkte wat stewige stygings in pryse getoon het, is gewone macaroni (6,6%); rys (8,5%); King Korn (11,6%); frikkadelle in sous (8,5%); repies spek (7,3%); lamstjops (13,8%); vars heel hoender (18,8%). Die hoër hoendervleispryse hou blykbaar verband met die tekort aan ander vleisprodukte, luidens die verklaring.

'n Paar groente- en vrugtepryse is heelwat hoër soos 'n kop blomkool wat 27% duurder is; appels wat byna 40% meer kos; piesangs 12% en patats 13%.

Kirsten en me. Michela Cutts, wat saam met hom die verslag opgestel het, wys egter daarop dat dit weens vraag en aanbod kan wees.

Cheddar-kaas is amper 15% duurder – die enigste suiwelproduk wat 'n wesenlike styging getoon het.

Die mandjie van 75 produkte wat gemonitor word, sou 'n verbruiker verlede jaar R861,15 gekos het en kos nou R909,78.

Die navorsers het gesê dat brandstofpryse, wat sedert April verlede jaar met amper 12% gestyg het, 'n baie klein regstreekse uitwerking op voedselpryse het. Hulle het byvoorbeeld gevind dat dié styging net 'n 0,235%-bydrae tot die styging in mieliemeelpryse gelewer het. "Hoewel die petrolprysstyging kommerwekkend is, is dit ten opsigte van eie vervoerkoste om dat die regstreekse uitwerking op voedselpryse klein is," word gesê.

Dié pryse word deur die marknavorser ACNielsen van Pick 'n Pay, Checkers en Spar-winkels landwyd gekry.